# Les 5 JESUS CHRISTUS MAAK ONS NUWE MENSE: BUITEKANT EN BINNEKANT

## 1. Nuwe mense

Wat gebeur met mense as God hulle in hierdie geheimenis laat deel: Syne is myne en myne is Syne?

Kom ons lees weer 2 Kor.5!

*"[16] Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie. [17] Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. [18] Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. [19] Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou. [20] Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het! [21] Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees."*

Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens. Voor ons met Christus verenig was, was ons ou mense. Paulus sê ons het so verander dat die ou mens wat ons was, verby is, en in die plek van hierdie ou mens wat ons was, het 'n nuwe mens gekom.

Kom ons kyk wat is hierdie verskil tussen oud en nuut!

## 2. Nuut van binne en van buite

Hierdie werk van God maak ons nuut van binne en van buite. Paulus sê hoe in Romeine 8:

*"[15] Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader."*

### 2.1 Nuut van buite: verander van slawe na kinders

'n Mens is 'n slaaf as hy aan 'n baas behoort. 'n Mens is 'n kind as jy aan 'n pa en ma behoort. Die een aan wie jy behoort, gee jou status en plek in die lewe.

As jy aan 'n baas behoort, is jou plek in die lewe om te werk en opdragte uit te voer. Jou status is om 'n werker te wees.

As jy aan jou pa en ma behoort, is jou plek om hulle liefde te ontvang en uit hulle liefde te leef. Jou status is om hulle kind te wees.

God maak ons nuut van buite deur vir ons nuwe status en plek te gee. Hy doen dit deur ons aan Hom as Vader vas te bind. Ons eenheid met Jesus Christus is die band waardeur ons aan God die Vader behoort. Omdat ons aan God die Vader behoort, is ons nou kinders van God.

Ons het ŉ nuwe status en plek by God deur ons eenheid met Jesus Christus: ons behoort aan God die Vader.

Om ŉ nuwe status en plek by God te kry – maak Christus ons nuut van buite.

**2.2 <u>Nuut van binne: ons vrees verander na liefde</u>**

Vrees en liefde is dinge wat ons binne-in ons self is, dit is nie ons status of plek nie. Paulus wys in vers 15 dat ons eenheid met Jesus in die hemel ook ons binnekant verander, nie net ons status nie. Wanneer ons nie met Christus verenig is nie, dan vrees ons God. Wanneer ons met Christus verenig is, het ons God lief: dan noem ons God ons Vader.

Hierdie verandering aan ons binnekant gebeur deur ons vereniging met Jesus Christus.

**2.3 <u>Nuut van binne en van buite</u>**

Kom ons lees weer Romeine 8:15:

*“15 Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba!” Dit beteken Vader.”*

Kan dit so werk dat die Here ons net aan een kant kan nuut maak?

Is dit moontlik dat die Here iemand wat ŉ slaaf is sy kind maak, maar daardie mens is nog net so bang vir God soos slawe vir hulle base bang is? Is dit moontlik dat die Here ons sy kinders maak, maar dat ons Hom nie lief het nie, al behoort ons aan Hom?

Die binnekant en die buitekant gaan saam! Slawe is bang en kinders het lief! Daar is nie so iets soos ŉ slaaf wat sy baas liefhet nie, en kinders kan nie hulle ouers se werkers wees nie.

God maak ons nuut van binne en van buite. Hy maak slawe kinders, en só maak hy mense wat vir Hom bang moes wees, mense wat nou vir Hom lief is.

**3. <u>Binne nuut op drie maniere</u>**

Jesus maak die Abrahamsbeloftes vir ons waar. Om binne nuut gemaak te word, is deel van die Abrahamsbelofte. Kom ons kyk weer ŉ keer na hierdie belofte!

*"[24] "Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring. [25] Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery. [26] Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee. [27] Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom. [28] Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees."*

Ons word op drie maniere aan ons binnekant nuut: ons kry 'n nuwe hart, ons kliphart word weggevat en die Here maak dat ons luister.

**3.1 'n Nuwe hart**

Die nuwe hart is nuwe houdings en gesindhede teenoor God en ons naaste. Hierdie gesindhede en houdings word die "vrug van die Gees" genoem:

*"[22] Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, [23] nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie."* (Gal.5)

Dit is die vrug van die Gees omdat die Heilige Gees ons met Jesus Christus verenig. Die Heilige Gees maak syne myne en myne syne. Waar die Heilige Gees dit doen – kom hierdie nuwe lewenshouding en gesindhede wat hier genoem word, binne-in ons tot stand. Dit is houdinge wat God binne-in ons skep.

**3.2 Die ou hart is weg**

*"[12] Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het."* (Rom.5:12)

*"[6] Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. [7] Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde."* (Romeine 6:6)

Die mens met 'n kliphart word in Romeine die "sondige mens wat ons was" genoem. So 'n mens voer 'n sondige bestaan. So mens word "dood" genoem.

Die rede daarvoor is dat hierdie mens so in skuld, begeerte en vrees teenoor God leef, dat alle gesindhede wat die Bybel die vrug van die Gees noem, in só mens heeltemal dood is.

Daar is teenoor God geen liefde, eer, aanbidding, diens en toewyding nie. Hierdie gesindhede is dood omdat die mens homself hard maak in sy sonde. Omdat hy maak asof sy sonde goed en reg is vir God en mense.

Kyk in Romeine 6:6 wat doen Christus met hierdie klipharde houding en gesindheid teenoor God: Hy kruisig dit. Hy maak dit dood.

Dit beteken dat hierdie verharde houding wat God nie wil eer, dien, loof, dank en aanbid nie – heeltemal weggeneem word uit die lewe van ŉ Christen.

**3.3 Ons sondige neigings en begeertes word gebreek**

Ons sondige natuur word op een manier weggeneem: daardie geaardheid wat God ontken en sonde goedmaak, word heeltemal vernietig. Maar ons sondige neigings en begeertes word nie weggeneem nie. Daardie deel van ons sondige natuur bly binne ons tot en met die wederkoms van Christus.

Dit sal deel bly van ons lewe totdat ons weer uit die dood sal opstaan met Christus se koms. Dan sal ons ŉ hart en verstand sonder sondige neigings en begeertes as gawe ontvang.

Ons sal dus van kleins af, tot en met ons doodgaan, op aarde sondige begeertes en neigings in ons hê. Dit is deel van ons gevoelens, ons gedagtes, ons wil en ons gees.

Ons eenheid met Jesus Christus verbreek die krag en mag van hierdie begeertes in ons: ons word nie meer deur hierdie sondige begeertes beheers nie en ons is nie meer verplig om die sondes te doen waarheen ons geneig is nie.

*“ 9 Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. ... 12 Daarom dan, broers, staan ons onder ’n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie. 13 As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees ’n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe. 14 Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.”* (Rom.8)

Hoe lyk sondige begeertes en neigings as hulle kragtig is en mag het?

ŉ Ongelowige wat ander se geld begeer, steel en hy glo dit is reg en goed – hy is ŉ goeie sakeman; ŉ ongelowige wat pervert is in sy hart en gedagtes, leef seksueel losbandig en glo hy is vry en reg in sy optrede; ŉ ongelowige wat heerssugtig is oor ander mense, verskree en beledig hulle en glo hy het ŉ sterk persoonlikheid; ŉ ongelowige wat gesag haat en rebels is, glo hy is onderdruk en veg net vir sy regte; ŉ ongelowige wat ander mense slegsê, verkleineer en belaglik maak, glo hy is net eerlik en reguit – so lyk sondige begeertes wat kragtig en magtig is!

Hierdie neigings en begeertes word in ons gebreek.

Dit beteken nie dat die wil en lus minder sterk is nie – dit beteken dat ons nie ons sondige neigings en begeertes as goed en reg glo nie, maar as sonde erken, berou het en ons keer op keer weer aan God se wil verbind.

## 4. Die verskil tussen oud en nuut: syne is myne, en myne is syne

Wat maak die verskil tussen oud en nuut?

Die verskil is ons eenheid met die Here. Mense wat nie met die Here verenig is nie – is ou mense. Mense wat met die Here verenig is, is nuwe mense.

*"[5] Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding. [6] Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie. [7] Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde. [8] Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe. [9] Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. [10] Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God. [11] Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus."* (Rom.6)

Kyk na vers 11! Ons is vir die sonde dood en lewe vir God omdat ons een is met Christus Jesus. Ons word nuut gemaak van binne en van buite omdat ons met Christus gekruisig is, gely het, gesterf het, begrawe is en opgestaan het uit die dood.

Dit is nooit ons gebede, ons bekering, ons liefde vir die Here, ons oorgawe – of enige iets anders wat ons geestelik doen, wat ons nuut maak nie. Ons word van binne en buite nuut – omdat syne myne is, en myne syne.

## 5. Opsomming

Ons eenheid met Jesus as mens in die hemel maak ons nuut van binne en van buite. Van buite kry ons 'n nuwe plek en status. Van binne kry ons 'n nuwe hart, word ons sondige bestaan beëindig en die krag en mag van ons sondige begeertes en neigings gebreek.

Kyk in die volgende twee tekste hoe ons eenheid met Jesus Christus: syne is myne, en myne is syne, ons nuut maak van binne en van buite.

*"[14] Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het.* ***Deur sy liggaam te gee,*** *het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het. [15] Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode,* ***tot een nuwe mensheid verenig.*** *[16] Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot* **een liggaam verenig**. *[17] Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. [18] Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader."* (Efesiërs 2)

*"Aangesien julle* ***saam met Christus uit die dood opgewek*** *is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. [2] Rig julle*

*gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,* ***3 want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God****. 4 Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle* ***ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel****. 5 Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is. 6 Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is. 7 Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het. 8 Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie, 9 en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek 10* ***en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word*** *na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God. 11 Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal."* (Kolossense 3)